# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**35% WATERBEPERKINGS \ 35% WATER RESTRICTIONS \ 35% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 OKTOBER 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdh. J Swart | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. GJ Goliath | : | Munisipale Bestuurder - waarnemend |
| Mnr. W Wagener | : | Direkteur Korporatiewe Dienste - waarnemend |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Direkteur Gemeenskapsdienste - waarnemend |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

AKSIE

**RVN015/10/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid du Plooy open die vergadering met 'n gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom.

***

**RVN016/10/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – siekverlof
Direkteur Korporatiewe Dienste – IMPSA-konferensie
Direkteur Gemeenskapsdienste – verlof

***

**RVN017/10/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN018/10/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 25 September 2018 bekragtig word, onderhewig aan die volgende regstelling:

Dat die volgende paragraaf soos volg lees (RVN008/09/2018):

Die onderskeie Raadslede oorhandig die pryse aan die onderstaande pryswenners:

- ***Me. Yvette Odendaal*** oorhandig die Derde plek aan Mnr. S Smeiman;
- Raadsdame Smit oorhandig die Tweede plek aan Mnr. J Le Roux; en
- Raadslid du Plooy oorhandig die Eerste plek aan Mnr. E Schreuder.

***KLERK: KOMITEES (S WILLEMSE)***

***

**RVN019/10/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 SEPTEMBER 2018**
**3/3/2/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder gee mondelings terugvoer met betrekking tot die verslag oor die besluite van die Raadsvergadering wat gehou is op Dinsdag 25 September 2018.

Insette/vrae word gelewer deur Raadsheer Swart met betrekking tot die voetganger deurgang in Porterville.

Die Speaker versoek dat die aangeleentheid buite die Raad bespreek word en dat die aangeleentheid by 'n volgende vergadering bespreek word, indien nodig.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN020/10/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN021/10/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

**LEED**

- Dat Mnr. Chad Mannel (Assistent: Rekenmeester) werksaam in die Finansiële Dienste-afdeling, oorlede is op Vrydag 19 Oktober 2018.

**LIEF**

- Dat die Uitvoerende Onderburgemeester verjaar op Vrydag 09 November 2018; en
- Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste verjaar op Woensdag 28 November 2018.

***

**RVN022/10/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN023/10/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN024/10/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER: OOPSTEL VAN MUNISIPALE SWEMBADDENS**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lig die Raad in met betrekking tot die besluit wat geneem is by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering wat gehou is op Dinsdag 30 Oktober 2018 rakende die oopstel van munisipale swembaddens vanaf Donderdag 15 November 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN025/10/2018**
**PELICAN BEACH RESORT: ERF 576 LAAIPLEK (L 576)**
**15/3/8; 17/7/4/1**
***('n Vervangende aanbeveling word voorgelê – Bylae A)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat voortgegaan word met die korttermyn implementeringsplan, naamlik:

| AKTIWITEIT | OMSKRYWING | BERAAMDE KOSTES | KOSTE PER MAAND | VERANTWOORDE LIKE PERSOON |
|---|---|---|---|---|
| Skoonmaak van terrein | • Twee (2) manlike tydelike werkers gaan vanaf 15 Oktober 2018 aangestel word om terrein skoon te maak en te onderhou. | R100 per dag (EPWP Tarief) | R4 000 | Eugenia Smith |
| Dagkampering (Opgradering) | • Opbou van braaiplekke + 5 nuwe braaiplekke<br>• Verskuiwing van speelpark<br>• Opgradering sal vanaf 01 November 2018 begin. | R5 000 | R50 000 | Dean Josephus / Leon Gouws |
| Verwydering van speel apparate | • Verwydering van beskadig-de speelapparate vanaf 15 Oktober 2018 | - | - | Eugenia Smith |
| Mobiele Toilette | • Huur 10 mobiele toilette vanaf 10 Desember 2018 tot 07 Januarie 2018 | R1 000 p/d per toilet (binne die beskikbare begroting vir die periode soos aangedui) | R290 000 | Eugenia Smith |

2. Langtermyn Beplanningsvoorstel:

(a) "That Erf 576, Laaiplek be made available by means of tender proposal calls for a mix use tourist development, which must include:

i. a free coastal access area (including: walkways);
ii. paid day camping facilities (for example: picnic/braai facilities and associated infrastructure);
iii. Longer term stay/paid facilities (for example: holiday rental or long term sub-lease agreements for a prior not exceeding the main lease agreement);
iv. other amenities required in order to make the development a viable tourist node; and

(b) That the development proposals referred to above be based on the long term lease of Erf 576, Laaiplek."

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGS-BESTUUR***

***

**RVN026/10/2018**
**HANTERING VAN EKONOMIESE ONTWIKKELINGSFUNKSIE BINNE BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

***('n ANC Koukus word toegestaan vanaf 14:45 – 14:50)***

Raadsheer Swart stel voor dat die ANC-koukus 2 lede nomineer, naamlik Raadsdame Smit en Raadslid Lesch.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad 'n Artikel 79 Komitee skep wat genoem sal word die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee;
2. Dat die Raad vir Raadsdame Sandra Crafford aanstel as Voorsitter van die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee vir Bergrivier Munisipaliteit;

3. Dat Raadsdame Crafford geen addisionele vergoeding ontvang vir die Voorsitterskap nie;
4. Dat die Komitee alle aspekte verwant aan Ekonomiese Ontwikkeling sal hanteer en aanbevelings daaroor sal maak aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee;
5. Dat die Komitee maandeliks sal vergader op die Donderdag wat volg op die Staandekomitee vergaderings vanaf 08:30 tot 10:30 en dat die eerste vergadering sal plaasvind op Donderdag 15 November 2018 om 14:00;
6. Dat die Munisipale Bestuurder optree as Artikel 57 aanstelling verantwoordelik vir die funksie en dat die Bestuurder: Strategiese Dienste, Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur en die Voorsienings-kanaalbestuur ondersteunend tot die Komitee optree en bywoon;
7. Dat die Komitee bestaan uit die volgende Raadslede, naamlik:
   - Voorsitter: Rdd. SM Crafford
   - Rdh. De Vries
   - Rdl. AJ du Plooy
   - Rdl. J Daniels
   - Rdd. SIJ Smit
   - Rdl. S Lesch;
8. Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste versoek word om ‘n werksplan vir 2018/2019 voor te lê by die eerste vergadering van die Komitee; en
9. Dat die Bestuurder: Toerisme, Me. Yvette Odendaal gekoöpteer word tot die lede van die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee, na gelang van die inhoud van agenda.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN027/10/2018**
**<u>BOKKOMLAAN: ERF 486, VELDDRIF (V.486)</u>**
**17/12/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat **Opsie 1**: aanbeveel word, naamlik:
   Verlenging van die huidige huurkontrakte tot 30 Junie 2019, terwyl daar besin word oor toekomstige hantering;
   1.1 Dat ‘n implementeringsplan opgestel word ten opsigte van die toekomstige plaaslike ekonomiese ontwikkeling van Bokkomlaan en dat dit binne hierdie raamwerk plaasvind, gegewe dat die kontrakte verleng word;
   1.2 Dat die kontrakte hersien word;
   1.3 Dat die onderstaande verantwoordelike beampte(s) in samewerking met die Uitvoerende Onderburgemeester die proses sal dryf, naamlik:

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGS-BESTUUR***

- Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur (Kontrakte);
- Bestuurder: Strategiese Dienste (Ekonomiese Ontwikkeling);
- Velddrif Toerisme;
- Stadsbeplanner (Wes); en
- Boubeheerbeampte: Velddrif.

***

**RVN028/10/2018**
**<u>VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM ONGEREGISTREERDE ERF 2858, PORTERVILLE (‘N GEDEELTE VAN GEREGISTREERDE ERF 1735, PORTERVILLE (PTV. 1735)</u>**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en lees die aanbeveling voor aan die Komitee.

***(‘n DA Koukus word toegestaan vanaf 15:00 – 15:20)***

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Korporatiewe Dienste Staande Komitee vir verdere ondersoeke.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGS-BESTUUR***

***

**RVN029/10/2018**
**<u>VERSOEK VIR VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM ONGEREGISTREERDE ERF 2224, PORTERVILLE (PTV. 2224)</u>**
**7/2/3/1**

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Korporatiewe Dienste Staande Komitee vir verdere ondersoeke.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGS-BESTUUR***

***

**RVN030/10/2018**
**<u>MUNISIPALE EIENDOM: ERF 4404, PIKETBERG (PB.4404)</u>**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbeveling aan die Komitee voorlees vir oorweging.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat toestemming verleen word aan die Departement Beplanning en Omgewingsbestuur om voort te gaan met onderverdeling van Erf 4404, Piketberg in drie gedeeltes naamlik: *<u>Restant Erf 4404, Piketberg</u>*, “*<u>Portion A</u>*” en “*<u>Portion B</u>*”, asook hersonering na gepaste sonerings en dat die kostes betaal word vanuit die betrokke departement se bedryfsbegroting.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGS-BESTUUR***

***

**RVN031/10/2018**
**MUNISIPALE EIENDOM: ERF 4420, PIKETBERG (PW KOORTS KARAVAANPARK) (PB.4420)**
**7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbeveling aan die Komitee voorlees vir oorweging.

Uiteenlopende insette/kommentaar word gelewer deur die Raadslede, onder andere:

- Dat die insetprys verhoog word na R 2 000 000 (BTW ingesluit); en
- Dat Swartbemagtiging as 'n vereiste gestel word in terme van eienaar-skap en ontwikkeling van die erf.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat Erf 4420, Piketberg (PW Koorts Karavaanpark) per tender te vervreem;
2. Dat dit gedoen word op voorwaarde dat die suksesvolle tenderaar self verantwoordelik sal wees vir die verkryging van ontwikkelingsregte vir hul voorgestelde ontwikkeling (byvoorbeeld hersonering, moontlike omgewingsimpak-studies, onderhandeling met SANRAL, ens.);
3. Dat die insetprys op R 2 000 000 miljoen (BTW ingesluit) vasgestel word;
4. Dat die tender saamgestel word op so 'n wyse dat prys nie die enigste oorweging is nie, maar dat die mate wat die ontwikkelingsvoorstel die Raad se ontwikkelingsbehoeftes aanspreek, soos geïdentifiseer in die Ekonomiese Strategie van die Raad asook die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR), ook in aanmerking geneem word;
5. Dat die Begrotingsloodskomitee besluit waarvoor fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word volgens die prioriteit en behoeftes van die Munisipaliteit; en
6. Dat die verkrygingsproses die BBBEE punte inagneem met die verkoop van Erf 4420, Piketberg (PW Koorts Karavaanpark).

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGS-BESTUUR***

***

**RVN032/10/2018**
**MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) *NEW 5 YEAR* MSDF 2018-2023: FIRST DRAFT**
**15/1/5/9**

The Portfolio Chairperson, Councillor Daniels gave a brief background to the item under discussion.

**The undermentioned resolutions was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council provide permission for publication of the first draft of the new 5 year Bergrivier MSDF 2018-2023 for public comment, as required in terms of Section 6.(4) of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning, as amended 6 April 2018 (The By-Law).

***MANAGER: PLANNING & ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN033/10/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2018**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for July 2018.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN034/10/2018**
**AFHANDELING VAN DIE HOSTELLE PROJEK: AANGAAN VAN KOOPOOREENKOMSTE MET DEELNEMERS (EEDBS)**
**15/2/2/30**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid du Plooy lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat ‘n koopsom van R70 000.00 elk vir die 12 oorblywende eenhede vasgestel word en dat dit aangebied word vir die begunstigdes wie ‘n subsidie (EEDBS) ontvang het;
2. Dat ‘n koopooreenkoms met hulle gesluit word, waarna die huise aan hulle oorgedra word deur middel van ‘n geregistreerde titelakte, welke oordrag deur die koopsom gedek moet word;
3. Dat Me. N Nongqayi ook die geleentheid gebied word om die woning wat sy tans bewoon te koop (hetsy met eie fondse of deur ‘n verbandlening);
4. Dat Me. N Nongqayi intussen ‘n okkupasie-huur betaal en dat ‘n huurpaaiement van R500.00 (uitgesluit munisipale dienstegelde) per maand gehef word, wat jaarliks sal eskaleer met 5%;
5. Dat die ooreenkoms opgeskort word indien Me. N Nongqayi vir 3 (drie) agtereenvolgende maande in gebreke bly om die huur te betaal, waarna sy die eiendom sal moet ontruim, in welke geval dit aan ‘n ander kwalifiserende deelnemer op die waglys aangebied sal word, teen die koopsom en dieselfde voorwaardes hierin vasgestel;
6. Dat, indien Me. N Nongqayi die opsie in paragraaf 3 aanvaar, ‘n voorkoopsreg van 8 (agt) jaar geld en so geregistreer word in die titel-akte; en
7. Dat, indien Me. N Nongqayi die opsie in paragraaf 4 neem, word dit uitdruklik in die huurooreenkoms bepaal dat geen onderverdeling en/of sedering mag plaasvind nie.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**RVN035/10/2018**
**<u>2018/19 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 1 JULY – 30 SEPTEMBER 2018 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)</u>**
**5/3/1, 15/1/5/5**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

<u>RESOLUTIONS</u>

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July -30 September 2018) be noted; and
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN036/10/2018**
**<u>KLANKSISTEEM: RAADSAAL: VERLENGING VAN DIENSKONTRAK</u>**
**6/2/2/1**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Raadslede.

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad kennis neem dat die proses soos uiteengesit in Artikel 116(3) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet 56 van 2003 gevolg is;
2. Dat die Raad kennis neem dat Omega Digital Technologies (Pty) Ltd 'n nuwe entiteit gestig het en die dienskontrak aangegaan sal word met Omega Digital Services (Pty) Ltd; en
3. Dat die dienskontrak van die klanksisteem in die Raadsaal verleng word vir 'n verdere tydperk van 36 maande, vanaf 01 November 2018 – 31 Oktober 2021, teen die voorwaardes soos vervat in die huidige dienskontrak, met inagneming van eskalasie.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (30/10/2018)***

***

**RVN037/10/2018**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 28 AUGUSTUS 2018</u>**
**3/2/1/3**

**<u>Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burge-meesterskomitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 28 Augustus 2018.

***

**RVN038/10/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 13 SEPTEMBER 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Donderdag 13 September 2018.

***

**RVN039/10/2018**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN040/10/2018**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:05*

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | ***DATUM*** |

***